

**12 November**

**Ware berou lei tot vrede**

**Skrifgedeelte: Psalm 51**

**Fokusgedeelte: Psalm 51:19**

Daardie kwetsende woord wat jy onnadenkend gesê het, die donker daad wat jy probeer wegsteek, die skelmstreek agter jou maskerglimlag, dit alles veroorsaak dat jy nie werklik vrede in jou gemoed het nie. Sonde waaroor die gelowige stilbly, vreet soos kanker aan 'n mens se binneste en dit laat jou wegvlug van die Here.

Die pad na innerlike rus en vrede begin wanneer jy eerlik met jouself is, en wanneer jy, sonder om doekies om te draai, jou skuld voor God erken. God verstoot nie sy kind wat eerlik, bewend, kop-onderstebo voor Hom staan nie. Dit is immers juis vir sulke mense dat ons Here Jesus aan die kruis gesterf het. Omdat Hy die volmaakte offer gebring het, is daar vergifnis vir elkeen wat ootmoedig en berouvol deur Hom tot God nader.

Wie deur God vergewe word, kan sonder om bang te wees weer tot Hom nader. Wie sy genade-vergifnis ondervind, vlug nie meer weg van Hom af nie, maar wil al hoe nader aan Hom kom. Die begenadigde sondaar kan van nuuts af die wêreld in die oë kyk. Jy hoef nie meer agter maskers te leef nie. Jy kan in die oopte kom en voluit leef.

*Sing: Psalm 51:1, 3, 6 (1936-beryming); Psalm 51:1, 3, 4 (2001-beryming)*

*Dr. EJ de Beer (Laeveld)*